Combustible liquid. May be harmful if swallowed. May be harmful if inhaled.May be fatal if swallowed and enters airways. May cause an allergic skin reaction. May cause damage to organs eyes through prolonged or repeated exposure. Very toxic to aquatic life with long lasting effects.

CORTEVA™ agriscience

Visit us at **corteva.co.za**

What we spend on protecting potatoes

By Dirk Uys, Potatoes SA, and Marco Marchi, Ocram Pest and Crop Analysis

Crop protection is a significant contributor to a potato producer's production costs. Following the cost of marketing and potato seed, crop protection cost is the potato producer's largest input. The increase in the cost of individual pesticides increased significantly during 2021 and 2023 but appears to have stabilised.

In a Potatoes SA budget estimate based on a yield assumption of 60 t/ha in a typical irrigation area, crop protection costs amount to 16% of a grower's input costs (*Figure 1*).

Figure 1: Proportion (%) of various potato crop production input costs.



Crop protection

In the context of crop protection expenses, it is important to note that nematicides account for 45% of a typical potato producer's crop protection input costs (as highlighted in *Figure 2a*). In the 2022/23 season, this amounted to more than R1 billion spent by potato producers to protect their crops annually. It is worth noting a few trends.

Firstly, crop protection spending per hectare has not increased over the last three years (*Figure 2b*), despite the increase in the cost of various products. One can probably conclude that crop protection programmes are being based on better prediction and monitoring systems, and growers think twice before spraying.

It is also important to note that a significant portion of existing crop protection products are being phased out due to pressure from influences such as the European Green Deal and the Globally Harmonized System (GHS) of classification and labelling of crop protection products.

As a result, one can expect that biological crop protection products will start to play a more prominent role in years to come. The use of biological-based products has increased by an average of 10% per year and the total segment already amounts to more than 10% of the total crop protection sector. This is also evident in the recent acquisitions of biological companies by multinational crop protection companies.

The role of products

Although these products are probably not a silver bullet, they certainly need to be understood better regarding the way they are used in spray programmes. These products offer

Figure 2a: Proportional (%) spending on nematicides, fungicides, insecticides and herbicides in potatoes.



Figure 2b: Crop protection trends between 2019 and 2022 in R millions.



Figure 3: Nematicide ratio between phased out and registered.



Potatoes SA strategy: Three research projects by the Agricultural Research Council (ARC) are underway to evaluate the impact of crop rotation systems on reducing nematode damage by improving soil health. This research is showing positive results with an increase in the occurrence of beneficial nematodes.

the opportunity to support growers in developing spray programmes and offer the following benefits:

- Improved residue profiles.
- An alternative mode of action to minimise and counter resistance.
- Supporting the natural progression of indigenous beneficials.

We also need to keep in mind that global trends are progressing with new breeding technologies that will provide future strategies for the management of pests and diseases, and to improve the quality of potatoes. The challenge, however, is how these will be regulated by authorities.

Table and processing potatoes have similar spray programmes and producers have spent between R16 000 and R18 000/ha, while seed potato producers spent more than R30 000/ha in 2022 due to their very strict pest and disease regimes.

Nematicides

Nematode management is an important element in potato health as it alters the yield and appearance of potatoes. Nematodes are complicated organisms to control, and consequently nematicides contribute significantly to potato production costs. The older nematicides are facing challenges to remain registered. Approximately 57% of nematicides are under threat of being phased out (*Figure 3*).

Fortunately, newer nematicides have been registered such as fluopyram and fluensolfone and innovations in the pipeline look promising.

Disease control

Early blight remains the most significant potato disease. Almost a third of products are in danger of being phased out and there are specific concerns regarding the future of mancozeb-based fungicides. A further challenge is the potential development of a sensitivity shift as multicides such as mancozeb offer an

Figure 4: Size of the different fungicide segments (%) with early blight being the most significant disease to control in 2022.



Potatoes SA strategy: Collaboration with the crop protection industry through the CropLife SA Fungicide Resistance Action Committee is essential. Potatoes SA funded two research projects by the ARC to monitor the status of *Alternaria* diseases' resistance against fungicide sensitivity as well as the occurrence of possible new mating types of the late blight pathogen *Phytophthora infestans*. Growers can contact their regional coordinator to test their status should they have a concern.

Figure 5: Size of the different insecticide segments with potato tuber moth being the most significant pest to control in 2022.



Potatoes SA strategy: An insightful piece of work by North-West University has highlighted the sensitivity shift of three of the key modes of action. Aphid trends are monitored in the key seed production regions to ensure optimal control strategies. This is supported by studies by the ARC to understand the environmental dynamics of the tuber moth and leaf miner biology.

Figure 6: Size of the different herbicide segments with mono/dicot prem being the most significant weed to control in 2022.



ideal tool to reduce resistance against both early and late blight.

Pest control

Controlling potato tuber moth complex remains the greatest expense, followed by pea leaf miner and aphid control. In the insecticide segment, we have noted the phasing out of chlorpyriphos and cartab hydrochloride which have been stalwarts in any insect control strategy.

Herbicides

Herbicides are the smallest segment but are also facing pressure. Of concern is the loss of active ingredients with different modes of action as a result of the GHS.

Concerns

It is important to emphasise that using unregistered products should be avoided. This includes growth regulators such as paclobutrazol which are used to inhibit gibberellic acid production, triggering the potato to produce more tubers. This is a trend that seems to be unique to South Africa. Many other potato production countries refrain from this practice as the possible impact on the next generation of tubers must be understood. Furthermore, the cost of developing new crop protection innovations is expensive.

Potatoes SA, through its research efforts, is focussing on integrating control strategies including:

- Crop rotation studies and green manure systems adapted to prevailing soilborne challenges.
- Weather modelling.
- Pest modelling.

Potatoes SA is also focussing on supporting growers in predicting diseases. To achieve this, growers and advisors will benefit from sharing pest and disease data to develop population trends.

For more information, contact Dirk Uys at dirk@potatoes.co.za or Marco Marchi at marcomarchimm@outlook.com.

ROOT2SUCCESS
UNLOCK THE POWER OF YOUR ROOTS

Unlocking the full potential of **horticulture crops**

Soil & Root Health *Why does it matter?*

Soil has become one of the hot topics in agriculture discussions

// The increasing level of interest in soil is driven by:

- // **growing environmental issues** resulting in increasing regulatory pressure and societal attention over soil and water pollution,
- // **less available farmland per capita** to feed a growing future population, and
- // emerging agricultural scientific research with significant potential to **increase yield and productivity.**

With advancing technology the value of soil productivity improvement and preservation is estimated at USD 40 bn (2030)*

2015 International Year of Soils

*"**Soils are the foundation of food systems**. They are critical for achieving food security and nutrition. Only healthy soils will produce healthy food with the best nutritional value possible. **Our soils are in danger because of unsustainable land use** and management practices, pollution, urban expansion and climate change... Soil is a **non-renewable resource**; its preservation is essential for **food security** and our **sustainable future**."*

Healthy roots are fundamental for consistently high productivity.

- // Healthy soils are the foundation for healthy food production. They are **fundamental** for consistently high productivity.
- // In Fruit & Vegetables healthy roots can drive **30-50% of yield and quality**.
- // Horticulture growers are aware that healthy roots have an impact on yield and quality, but they…
  - // **still focus on the above-ground parts** to judge the health of the plant, or
  - // widely **underestimate the importance** of root health and don't have all information on how to affect yield and quality, or
  - // are educated about root health, but **need support** or **better tools** to successfully address the full potential of their crops.
- // Only a minority of fruit & vegetable producers is **fully educated about root health management** and acts accordingly.

Root2Success

Our grower-centric platform to address root health holistically and sustainably.

That is why at Bayer, we are strongly committed to leveraging all **our extensive knowledge and experience**, and to working with independent **experts** and **partners** to achieving the full potential of healthy roots accessible.

We offer growers insights on the importance of healthy, high-performing roots, and offer **a unique array of solutions & services** through our grower-centric root health platform.

Root2Success

In horticulture we think beyond products and indications, striving for holistic tailored solutions to create customer and stakeholder value.

Root2Success: *Our grower-centric solution toolbox to address root health holistically and sustainably*

PROTECT
// Protect from nematodes, soil insects and soil-borne diseases

VELUM PRIME 400 SC | EMESTO SILVER

HEAL
// Overcome diseases and fortify plant and root after pest or disease attack

SERENADE

ACTIVATE
// Activate the plant's own defense and growth-promotion mechanisms

SERENADE

PRESERVE
// Preserve the environment, sustain soils and save natural resources

The following products are registered trademarks of **Bayer AG**: **Emesto® Silver** Reg. No. L11148. Contains Penflufen (pyrazole) 100 g/ℓ and Prothioconazole (triazole) 18 g/ℓ. Warning. **Serenade® ASO** Reg. No. L8544. Contains *Bacillus subtilis* strain QST 713: 1,34% (w/w). **Velum® Prime 400 SC**. Reg. No. L9965. Contains Fluopyram (pyridinylethylbenzamide) 400 g/ℓ. Warning.

All the products are registered under Act 36 of 1947. READ THE PRODUCT LABEL BEFORE USE.

@Bayer4Crops

Facebook: Bayer Crop Science Division Southern Africa
Bayer (Pty) Ltd. Reg. No. 1968/011192/07
27 Wrench Road, Isando, 1601. PO Box 143, Isando, 1600, **Tel:** +27 11 921 5002

www.cropscience.bayer.co.za /// www.bayer.co.za

WARNING

Hazard statement: Emesto® Silver
Very toxic to aquatic life with long lasting-effects. Contains 1,2-benzisothiazolin-3-one, reaction mass of 5-chloro-2-methyl-2H-isothiazol-3-one and 2-methyl-2H-isothiazol-3-one (3:1). May produce an allergic reaction.

Hazard statement: Velum® Prime 400 SC
Toxic to aquatic life with long-lasting effects. Contains 1,2-benzisothiazolin-3-one, reaction mass of: 5-chloro-2-methyl-4-isothiazolin-3-one and 2-methyl-4-isothiazolin-3-one (3:1). May produce an allergic reaction.

BAYER

A37049

Rubber, plastiek, karton, papier en katoen op 'n aartappelplaas – wat nou?

Deur dr Gerhard Verdoorn, CropLife SA

Dit is haas ondenkbaar om enige tipiese Suid-Afrikaanse maaltyd voor te berei sonder een of ander vorm van aartappels. Skaapboud en oliegebraaide aartappels, souserige skaapnek met kapokaartappels, ordentlike beeshaas met gebakte aartappel en suurroom, vis en aartappelskyfies, en laastens die witgeel aartappelslaai wat enige maaltyd soos koningskos laat smaak. Die lewe sonder aartappels is bloot saai.

Maar wat het rubber, plastiek, karton en papier met aartappels te make? Dit handel alles oor plaagdoderveiligheid. Plaagdoders is intrinsiek gevaarhoudende stowwe, maar as die korrekte veiligheidsmaatreëls daarmee gehandhaaf word, is die risiko's bitter min of selfs nul.

Persoonlike beskerming

Enige persoon op 'n aartappelplaas wat met plaagdoders te doen het, gaan katoen, rubber en plastiek benodig.

Katoenoorpakke is die een item wat algemeen deur plaaswerkers gebruik word, maar vir die stoor-bestuurder wat elke dag in die plaagdoderstoor werk en spuitoperateurs wat plaagdodermengsels op aartappels aanwend, is goeie, hoë-digtheid katoenoorpakke nie onderhandelbaar nie.

Daardie oorpak vang enige newel of drywing wat die liggaam sou bereik stewig vas en voorkom dat die plaagdoder velkontak maak. Vra maar vir diegene wat nie volledig beskermende klerasie gedra het tydens die aanwending van lambda-sihalotrien nie, hoe dit voel 'n uur nadat die produk op die vel beland het. Dan moet die oorpak ook mooi afgerond word met 'n breërand katoenhoed om die kop te beskerm, want die kopvel is uiters penetreerbaar vir plaagdoders.

Rubber is die materiaal waarvan die werker se stewels en handskoene gemaak word; dit is gewoonlik chemies ondeurdringbaar en bied totale beskerming teen enige velkontak met plaagdoders. Plastiek kom in die vorm van oogbeskerming en 'n ondeurdringbare plastiekvoorskoot wat gebruik word deur diegene wat die spuitmengsels voorberei en met gekonsentreerde plaagdoders werk.

Neus- en mondbeskerming is gewoonlik in die vorm van 'n masker wat van geweefde polipropileen vervaardig word en die plaagdodernewel vang, sodat dit nie in die lugweg of mond beland nie. Werkers wat met hoogs gevaarlike plaagdoders soos terbufos, metamidofos, parakwat en fenamifos werk, behoort 'n respirator te dra omdat sulke produkte glad nie die liggaam moet binnedring nie.

Ken die vyand

Dis is baie maklik om beskermende klere te vermy, maar om die nagevolge te dra is baie minder aangenaam. 'n Goeie voorbeeld nou onlangs was 'n spuitoperateur wat geen beskermende klerasie gedra het terwyl hy 'n glifosaattoediening gedoen het nie. Die wind was redelik sterk en die spuitnewel het die operateur deeglik besoedel. 'n Uur later het hy ernstige velirritasie, lugwegirritasie, naarheid, braking en duiseligheid ondervind.

Klink dit vreemd? Beslis ja, want almal weet dat glifosaat se giftigheid vir mense bitter laag is, ongeag wat die anti-plaagdoderbewegings van hulle podiums af predik.

Wat min mense weet is dat die formulasies waarin vloeibare glifosaat voorsien word, 'n aantal bymiddels bevat om die glifosaat doeltreffend oor die teikenplante (onkruide) te versprei en laat bind. Daar is ook oplosmiddels wat aansienlik meer skadelik vir mense is as wat glifosaat is. Sommige vloeistofformulasies van glifosaatbevattende onkruiddoders bevat tot soveel as 20% etileenglikol en dit alleen kan ernstige nagevolge inhou as dit ingeasem of per mond ingeneem word.

'n Ander voorbeeld is van 'n jong boer wat sowat drie jaar gelede 'n spuitmengsel van parakwat en lambda-sihalotrien gespuit het sonder dat hy enige beskermende klere aangehad het. Die wind het skielik gedraai en die boer is deurdrenk met die spuitmengsel. Teen die tyd dat sy ma my geskakel het, was sy vel al bloedrooi en het hy ernstige pyn ervaar. Parakwat is baie giftig as dit deur die vel opgeneem word en lambda-sihalotrien brand die vel soos witwarm koolstofbrikette. Die boer moes gehospitaliseer word en het ernstige velbrandwonde opgedoen.

Onnodige blootstelling

Die slotsom is dat vreemde chemiese of biologiese stowwe nie 'n mens se liggaam behoort binne te dring nie. Dit is waarom CropLife SA gedurig

herinner aan beskermende klerasie: geen mens behoort onnodig aan chemiese of biologiese middels blootgestel te word nie. 'n Oorpak, hoed, neus- en mondbedekking, oogbeskerming, rubberstewels en rubberhandskoene is die minimumvereiste en is ook duidelik in beroepsveiligheidswetgewing vervat. Die plaaseienaar moet sulke beskermende toerusting aan werkers verskaf en werkers moet dit, ter wille van hul eie gesondheid, dra.

Is die nagevolge van die voorbeelde soos genoem as gevolg van slegte plaagdoders? Nee, daar bestaan nie slegte plaagdoders nie; daar bestaan net slegte gewoontes, soos om nie beskermende klerasie te dra nie. Die nuwe GHS (*Global Harmonisation System*)-formaat vir plaagdoderetikette dui pertinent aan dat selfbeskerming nodig is.
Die nie-dra van beskermende klerasie is ook teenstrydig met die vereistes van die *Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Saad en Middels, 1947 (Wet 36 van 1947)* wat bepaal dat alle etiketinstruksies nagekom moet word.

Nog stof tot nadenke

Plaagdoders word in verskeie soorte verpakkings verskaf, waarvan hoë-digtheid poliëtileen (HDPE) die grootste persentasie uitmaak. Polipropileensakke (PP) met lae-digtheid poliëtileenvoerings (LDPE) word gebruik vir korrel- en poeierformulasies van onder andere glifosaat-wateroplosbare korrels, terwyl swaargewig papiersakke met LDPE-voerings en kartondose ook gebruik word.

CropLife SA het homself 14 jaar gelede al begin toespits op die insameling en verwerking van leë plaagdoderverpakkings, veral HDPE-dromme, omdat dit algemeen in die landbou gebruik word. Daar is 'n groot aantal individue en maatskappye wat aan CropLife SA se netwerk van gesertifiseerde verwerkers behoort en hulle kan nie genoeg leë houers kry om aan hulle behoeftes te voldoen nie.

Aartappelprodusente word ook daarop gewys dat afvalbestuurswetgewing leë plaagdoderhouers as gevaarhoudende afval klassifiseer en dat dit nie op enige plaas geberg mag word nie. As die leë houers egter drie keer met 'n kwart van die leë houer se volume gespoel word, is die houer volgens die *Suid-Afrikaanse Nasionale Standaard (SANS) 10406* nominaal skoon en mag dit dan na verwerkers geneem word vir verdere reiniging en verwerking.

Daar word soms gevra wat dan met die spoelwater gedoen word, want dit sal desnoods plaagdoder bevat. Daardie spoelwater gaan spuittenk toe, want dit bevat plaagdoder waarvoor die produsent betaal het. Daarna kan die skoon houer na die naaste CropLife SA gesertifiseerde verwerker geneem word, wat dan aan die produsent 'n sertifikaat van voldoende herwinning sal uitreik.

CropLife SA is die eerste nie-winsgewende liggaam in Suid-Afrika wat deur die Departement van Bosbou, Vissery en Omgewing (DBVO) as 'n plaagdoderproduk verantwoordelikheidsorganisasie (PRO in Engels) geregistreer is. Dit het 'n mandaat van die DBVO om alle plaagdoderverpakking te bestuur (met ander woorde, in te samel en so ver as moontlik te laat herverwerk). Dit beteken dat ons ernstig moet raak oor leë plaagdoderhouers. Aktiwiteite soos die begrawe en brand van plaagdoderhouers is 'n euwel wat met mag en mening uitgewis moet word ten einde die landbou se kant skoon te hou.

Gesertifiseerde verwerkers

Aartappelprodusente kan die lys van CropLife SA gesertifiseerde verwerkers onder 'Container management' op *www.croplife.co.za* kry, asook die riglyne vir die skoonmaak van verskillende verpakkingstipes. Plastiekverwerkers het 'n reuse- en onversadigbare behoefte aan HDPE asook PP. Onthou dat die plaas se leë houers iemand anders se lewensaar is; moet dit nie afsny deur leë houers te begrawe of te verbrand nie.

Vir verdere navrae, kontak dr Gerhard Verdoorn by gerhard@croplife.co.za of 082 446 8946.

COSMOCEL®

RHIZOCEL

ROOT ZONE HEALTH PROTECTOR TO HELP PLANTS THRIVE IN LIMITING SOIL CONDITIONS

LATERAL ROOT GROWTH AND HEALTH:
Stimulates natural Auxins and produce Abscisic acid to combat abiotic stress

VOC's

ANTI-MICROBIAL AND REPELLENT ACTION:
Stimulates the production of Oxalic acid



ATTRACTS BENEFICIAL FREE-LIVING ORGANISMS:
Stimulates secretion of organic acids (Citric, Malic)

NATURAL DEFENCE OF THE ROOT AGAINST PARASITES:
Fungi, nematodes, etc.

ACTIVATES DEFENCE SIGNALS:
Promotes acid production (Salicylic, Jasmonic)

SCIENTIFIC SUPPORT

01 **Activates plants natural defences** against harmful organisms that attack the root

02 **Cost effective and sustainable** solution to chemical alternatives

03 **Attract healthy free-living organisms** to the root zone and repel parasitic nematodes and fungi

04 **Reduces pesticide load on crops** and the cost to combat root and pest diseases

05 Promotes root growth and health leading to better nutrient and water absorption

Wilhelm Schultz, 061 902 0139, wschultz@cosmocel.co.za

'n Ondersoek na die gebruik van dekgewasse as groenbemesting teen *Verticillium*-verwelk van aartappels

Deur dr Estianne Retief, LNR-Plantgesondheid en -beskerming

Verskeie gewasse is reeds ondersoek as groenbemesting vir die beheer van grondgedraagde siektes in kommersiële aartappellande. Daar is verskillende meganismes betrokke by die verlaging van grondgedraagde patogene deur die implementering van groenbemestingsgewasse wat uiteindelik kan lei tot verhoogde opbrengste in kommersiële gewasse.

Een van die meganismes is bioberoking. Bioberoking vind gewoonlik plaas nadat gewasse wat aan die *Brassicaceae*-familie behoort, toegedien is. Dit sluit gewasse soos mosterd, brokkoli, kool en kanola asook ander families van die orde, *Capparales*, in. Die spesifieke gewasse bevat 'n bestanddeel bekend as glukosinolaat. Die soort en hoeveelheid glukosinolaat teenwoordig in verskillende plantspesies, wissel tussen spesies en binne individuele plante.

Wanneer die gewasse as groenbemesting by die grond gevoeg word, breek die glukosinolaat deur die werking van ensieme af en vlugtige produkte word vrygestel. Die vlugtige produkte het 'n biotoksiese funksie. Isotiosianaat is een van die algemeenste toksiese vlugtige produkte. Berokingsgewasse kan siekte onderdruk deur die patogeen se inokulum (mikrosklerotia) direk dood te maak, die vermoë van die mikrosklerotia om te ontkiem te verminder, of die groei van die patogeen te onderdruk.

Groenbemesting

Sommige *Brassicaceae*-gewasse bevat lae konsentrasies glukosinolaat. Daar is nie-*Brassicaceae* groenbemestingsgewasse wat geen glukosinolaat bevat nie, maar steeds siekte onderdruk en selfs beter presteer as gewasse met hoë hoeveelhede glukosinolaat.Dit is 'n aanduiding dat ander meganismes betrokke is.

Groenbemesting kan die mikrobiese populasies in die grond verander wat kan bydra tot siekte-onderdrukking. Daar kan 'n toename van mikrobes wees wat antagonisties teenoor die patogeen is en dus lei tot 'n biologiese beheereffek.

'n Toename van die mikrobiese populasie naby die rhizosfeer van die plante kan ook lei tot verhoogde kompetisie tussen mikrobes en patogene. Dit lei tot 'n verlaging van patogeeninfeksie. Die wyse waarop 'n tipe groenbemestingsgewas die struktuur van die mikrobiese populasie beïnvloed, is uniek en verskil dus tussen verskillende groenbemestingsgewasse.

Groenbemesting kan ook 'n gewas se opbrengs verhoog deur die mineraalinhoud en organiese materiaalinhoud van die grond te verander deur onder andere die residu's af te breek. 'n Toename in minerale en organiese materiaal kan bydra tot die verhoging van mikrobiese aktiwiteite wat lei tot die onderdrukking van *Verticillium*-verwelk. Dit kan verbeterde groei van die aartappelplant tot gevolg hê.

Buiten vir siektebeheer, sluit groenbemesting ook ander voordele in. Soedangras is 'n goeie beweidingsgewas en ander plante soos mielies, hawer, koring en gars, is kommersiële kontantgewasse.

Die projek

'n Projek is van stapel gestuur om die gebruik van dekgewasse as groenbemesting vir die beheer van *Verticillium*-verwelk van aartappels te ondersoek. Verskeie gewasse is vir die studie geselekteer en in 'n kweekhuis ondersoek. Eerstens is 'n *Verticillium dahliae* silika-sand inokulum voorberei.

Dit is in die grond geïnkorporeer sodat die inokulum in die grond 'n konsentrasie van 20 mikrosklerotia per gram grond bevat het. Groenbemestingsgewasse is in die grond geïnkorporeer tot dit gelykstaande was aan 20 t/ha.

Gewasse wat tydens die studie gebruik is, was akkerboon, dolichos-bone, fababoon, gars, graansorghum, hawer, Italiaanse raaigras, kanola, korog, kroonwieke, lupiene, mielies, rog, serradella, soetsorghum, sojaboon, tef, voersorghum, witbuffelsgras en witmosterd.

Die proef is 12 weke na plant gestaak. Siekte-erns is geëvalueer volgens 'n skaal gebaseer op die simptome wat gewissel het van 1 tot 5:

- 1 – geen verwelking of vergeling van die plant.
- 2 – verwelking en vergeling van een derde van die plant.
- 3 – verwelking en vergeling van twee derdes van die plant.
- 4 – totale verwelking en vergeling van die plant.
- 5 – die hele plant is dood (*Figuur 1*).

Die resultate word in *Figuur 2* weergegee.

Resultate en bespreking

Drie van die groenbemestingsgewasse naamlik kanola, hawer en lupiene, se behandeling het gelei tot hoër siektevoorkoms as die geïnokuleerde kontroleplante en tot 'n verhoging in die verwelkingsindeks.

Figuur 1: Skaal van simptome wat siekte-erns aandui.

Figuur 2: Siekte-erns veroorsaak deur verskillende groenbemestingsgewasse. Statistiese verskille word deur alfabetiese letters aangedui.



Die resultate van die studie verskil van reeds-gepubliseerde resultate in literatuur wat aangedui het dat kanola *Verticillium*-verwelk van aartappels suksesvol onderdruk het.

In die gepubliseerde studie is gevind dat die toediening van kanola as groenbemesting gelei het tot 'n toename in inheemse *Streptomycetes*, wat gelei het tot verhoogde patogeeninhibisie. Die resultate van ons studie verskil van die gepubliseerde studie s'n.

Dit kan verduidelik word deur die feit dat die effek van die groenbemestingsgewas op die mikrobiese populasie, grootliks afhanklik is van die grondtipe. Die grondtipe wat ons in die kweekhuisproef gebruik het, het vermoedelik 'n ander mikrobiese populasie bevat wat waarskynlik nie voordelig beïnvloed is deur die toediening van kanola nie.

Dit is moontlik ook dieselfde situasie met die toediening van die hawer en lupiene, waar die toestande wat ontwikkel het na toediening, skynbaar bevorderlik was vir die ontwikkeling van *Verticillium*-verwelk.

Verwelkingsintensiteit

Groenbemesting met sojabone en serradella het dieselfde hoeveelheid siekte veroorsaak as die geïnokuleerde kontroleplante. Die groenbemesting het dus geen voordelige effek gehad nie. 'n Verdere nege behandelings naamlik dolichos-bone, gars, graansorghum, Italiaanse raaigras, korog, kroonwieke, mielies, rog, soetsorghum en tef het nie gelei tot 'n verwelkingsintensiteit wat betekenisvol verskil het van die geïnokuleerde kontroleplante nie. Dit het wel tot 'n klein verlaging in verwelkingsintensiteit gelei, hoewel nie betekenisvol nie.

Groenbemesting met witbuffelsgras het gelei tot 'n betekenisvolle verlaging in die verwelkingsintensiteit, veral as dit vergelyk word met die geïnokuleerde kontroleplante. Die gewas wat egter tot die meeste siekte-onderdrukking gelei het, was voersorghum. Drie ander behandelings naamlik fababoon, akkerboon en witmosterd het ook verwelking verlaag, sodat dit nie betekenisvol van die totale kontroleplante verskil het nie. Dit word dus beskou as baie doeltreffende groenbemestingsbehandelings.

Voersorghum is 'n sorghum-en-Soedangrashibried en word tipies gebruik as dierevoer en ook as groenbemesting. Ander gepubliseerde studies het gevind dat voersorghum doeltreffend teen *Verticillium*-verwelk en ander grondgedraagde aartappelsiektes aangewend kan word wanneer dit as groenbemesting dien.

Meer as een metode wat 'n rol in die doeltreffendheid van die groenbemestingsgewas speel, mag dalk betrokke wees. Die voorkoms van dhurrin mag moontlik een rede wees. Dhurrin is 'n sianogeniese glikosied wat kan hidroliseer en waterstofsianied afskei wat uiters toksies is vir verskeie grondorganismes.

Literêre navorsingsresultate

Die literatuur het gewys dat die toediening van akkerboon op aartappels gelei het tot verminderde aartappelskurf. In ons studie het dit gewys dat dit ook voordelig aangewend kan word as groenbemesting teen *Verticillium*-verwelk.

Fababone word ook soms gebruik as 'n groenbemestingsgewas en het die vermoë om groot hoeveelhede stikstof vry te stel wanneer dit in die grond afbreek. In die literatuur het verskeie nie-*Brassica* gewasse in studies, aartappelsiektes effektiewelik verlaag.

Dit is verkry deur meganismes wat verwant is aan 'n toename in die mikrobiese biomassa en aktiwiteite, asook 'n verandering van die grond-mikrobiese populasiekenmerke en spesifieke effekte op die populasie van antagonistiese mikrobes. Hierdie is almal eienskappe wat deur 'n toename in stikstof geaffekteer kan word.

Witmosterd is al in die literatuur aangeteken as 'n doeltreffende groenbemestingsgewas teen *Verticillium*-verwelk. Dit is veral doeltreffend wanneer dit in kombinasie met Oosterse mosterd gebruik word. Witmosterd word dikwels geselekteer as 'n groenbemestingsgewas weens sy vermoë om groot hoeveelhede vlugtige stowwe te produseer wat toksies is vir grondgedraagde patogene.

Witbuffelsgras, voersorghum en akkerboon is veral geskik vir somerreënvalgebiede en witmosterd en fababone is meer geskik vir die winterreënvalareas. Die voorlopige resultate van die studie het verskeie gewasse geïdentifiseer wat geskik is om in rotasie met aartappels te groei en ook gewasse wat toegedien kan word as groenbemesting in beide die winter- en somerreënvalareas van Suid-Afrika. Die resultate van die studie sal bevestig en/of getoets word deur 'n opvolgkweekhuisproef.

Vir meer inligting, kontak die outeur by RetiefE@arc.agric.za.

Wes-Vrystaatse kultivarproef onder besproeiing op Bultfontein in 2023

Deur Enrike Verster, Anjé Erasmus en Laryssa van der Merwe, Aartappels SA, en Izak Cronjé, produsent

Die Wes-Vrystaat is ’n groot aartappel-produksiestreek waar 40 produsente sowat 14% van die land se aartappels op ongeveer 7 372 ha produseer. Die mees prominente kultivars wat hier vir kommersiële verbruik (tafel- en verwerkingsaartappels) geproduseer word, is Mondial (33%), Sifra (39%) en Lanorma (18%).

Bultfontein val in Suid-Afrika se somerreënvalgebied (*Figuur 1*) en het vir die afgelope 23 jaar ’n gemiddelde jaarlikse reënval van ongeveer 580 mm ontvang. Die streek se matige klimaat sluit baie warm somers in (die warmste in Desember en/of Januarie) tot koue winters met ryp wat vanaf April tot Augustus kan voorkom.

Die Bultfontein-kultivarproef is uitgevoer in sandleemgrond en die proef is in ’n ewekansige blok-ontwerp met drie herhalings per kultivar uitgelê. In *Tabel 1* word relevante tegniese inligting rakende die proef verskaf.

Figuur 1: Ligging van Bultfontein in die Wes-Vrystaat produksiegebied.



Groeitydperke

Ingesluit in die proef is kultivars met kort tot lang groeitydperke. Derhalwe kan groeitydperke die uiteindelike opbrengs van sekere kultivars beïnvloed. Die lengte van groeitydperke is onderhewig aan die aard van die seisoen, maar word gesien as die hoeveelheid tyd wat verloop vanaf opkoms tot natuurlike loofafsterwe.

Die gemiddelde opbrengs van die proef vir die 2023-seisoen is 51.28 t/ha, wat baie soortgelyk is aan die afgelope vyf seisoene se gemiddelde opbrengs van 50.8 t/ha.

Tabel 1: Opsomming van tegniese inligting rakende proefperseel en uitleg.

Plaas	**Oasis**					
Produsent	Izak Cronjé					
Plantdatum	17 Januarie 2023					
Oesdatum	7 September 2023					
Besproeiing/droëland	Besproeiing					
Dubbel- of enkelrye	Dubbelry in een wal					
Loofafsterwe	Natuurlik					
Tussenry-spasiëring	1 m					
Inry-spasiëring	37 cm					
Proefperseel	20 m^2					
Plantestand	27 000 plante/ha					
Bemestingsprogram						
Voedingswaarde						
	N (kg/ha)	**P (kg/ha)**	**K (kg/ha)**	**Ca (kg/ha)**	**Mg (kg/ha)**	**S (kg/ha)**
Totaal	**296**	**106**	**200**	**109**	**41**	**84**

Tabel 2 toon hoedat groeitydperke van kultivar tot kultivar verskil. Omgewingsfaktore en bestuurspraktyke beïnvloed ook die verskillende groeifases en wanneer dit 'n aanvang neem.

Stand en aantal halms per moer beïnvloed knolgrootte en opbrengs. Die aantal ogies per knol is kultivarafhanklik en bepaal die hoeveelheid spruite wat per knol voortgebring kan word. Plantgereedheid van moere is baie belangrik in hierdie verband, aangesien moere wat plantgereed is gewoonlik aanleiding gee tot moere wat beter spruit en per kultivar die ideale aantal stamme per spruit voortbring, eerder as knolle wat nog nie plantgereed is nie.

Tabel 2: Karaktereienskappe rakende groeitydperk, plantgereedheid, stand (%) en halmtellings vir betrokke kultivars.

Kultivar	Groeitydperk (dae)[1]		Plantgereedheid[2]	Stand (%)	Halms per plant	Halms per ha
11Z49A1	Medium tot lank	(100-120)	3	85	4	98 900
11Z55A5	Medium tot lank	(100-120)	3	80	4	90 300
Allison	Medium tot lank	(120)	3	89	5	108 000
Amony	Medium tot lank	(110)	3	91	3	72 275
CMK2015	Lank	(120)	2	82	5	102 300
Connect	Medium tot lank	(120)	3	46	3	39 375
Foxy	Kort tot medium	(90-100)	2	65	3	57 750
Kelly	Lank	(120)	3	80	4	79 550
Lilly	Medium	(100)	3	94	4	110 925
Mondial	Medium tot lank	(110-115)	3	83	4	99 000
Noha	Medium	(100)	3	82	5	100 100
Noya	Medium tot lank	(120)	3	54	2	33 350
Palace	Lank	(110-115)	2	93	4	111 250
Panamera	Medium	(90-110)	3	69	3	51 800
Panamera*	Medium	(90-110)	3	82	3	57 200
Prince	Lank	(110-115)	2	98	4	109 975
Sababa	Medium tot lank	(110-115)	2	100	4	113 400
Sifra	Kort tot medium	(90-100)	3	91	4	85 750
Sound	Medium	(110)	3	83	4	94 500
Tyson	Kort tot medium	(90-100)	3	83	3	63 000

[1]Algemene riglyne en kategorieë (dae vanaf opkoms tot natuurlike loofafsterwe, afhangend van die seisoen): Kort = 70 tot 90 dae; kort tot medium = 80 tot 100 dae; medium = 90 tot 110 dae; medium tot lank = 90 tot 120 dae; lank = 90 tot 140 dae.
[2]Plantgereedheid van moere: 1 = vars; 2 = effens vars; 3 = plantgereed; 4 = effens oud; 5 = oud.
**'n Kultivar wat van die proef onttrek het, is vervang met kommersiële Panamera-saad van die boerdery om die proefplan te behou.*

Figuur 2: Reënval (2023 seisoen) en langtermyn gemiddelde reënval.



Figuur 3: Minimum- en maksimumtemperature (2023 seisoen) sowel as langtermyntemperature.



Figuur 4: Hitte-eenhede (2023 seisoen) asook langtermyn gemiddelde hitte-eenhede.



**Totale hitte-eenhede spesifiek bepaal vir aartappels as gewas (drumpeltemperatuur = 5°C). Bereken vanaf uurlikse data.*

Moere wat te oud is vorm baie stingels en klein knolle. Die plantgereedheid van moere ten tye van die plant van die proef, sowel as standpersentasie en halmtelling wat later in die groeitydperk waargeneem is, word in *Tabel 2* aangedui.

Opbrengs- en bemarkingsindeks

Die evaluering van kultivars soos in die Bultfontein-kultivarproef, verskaf resultate oor onder meer die opbrengs- en bemarkingsindeks. Die bemarkingsindeks van die betrokke kultivars word bereken deur elke kultivar te klas en sorteer volgens gehalte en grootte-groepe (byvoorbeeld Klas 1 Groot of Klas 2 Groot-medium).

In hierdie proef is al drie herhalings bymekaargegooi en deur die pakstoor geklas en sorteer. Dienooreenkomstige prysvergelykings is dan gemaak met markpryse soos verkry ten tye van oes. Die prestasie van nuwe kultivars kan nie net op die resultate van een bepaalde seisoen geskoei word nie, omdat klimaat van een jaar na 'n volgende wissel. Juis daarom word die kultivars verkieslik oor 'n aantal seisoene getoets.

Abiotiese faktore

Soos met enige gewas is temperatuur, die beskikbaarheid van water (hetsy goeie besproeiingskedulering of reënval), sowel as hitte-eenhede belangrike faktore wat 'n wesenlike invloed uitoefen gedurende die aartappelplant se groeitydperk. Hierdie faktore word dus in aanmerking geneem wanneer die prestasie van kultivars geëvalueer word. Toepaslike daaglikse- en langtermynweerdata is verkry vanaf 'n Hortec-weerstasie wat naby die proefperseel geleë is, asook die naaste Landbounavorsingsaad (LNR)-weerstasie.

Gedurende die 2023-seisoen is oor die algemeen ondergemiddelde reënval ervaar (*Figuur 2*). Gedurende Februarie, in die maand na plant, sowel as Mei, aan die einde van die groeitydperk, is bogemiddelde reënval egter ontvang. Stamvrot is gedurende stand- en halmtelling in die proef in sommige kultivars opgemerk. Die bogemiddelde reënval

Figuur 5: Totale opbrengs en bemarkingsindeks per kultivar as persentasie van die proefgemiddeld.



Waardes gevolg deur dieselfde letter is nie beduidend verskillend van mekaar nie.
**Panamera: 'n Kultivar wat onttrek het van die proef is vervang met kommersiële Panamera-saad van die boerdery om die proefplan te behou.*

Figuur 6: Groottegroepverspreiding van elke betrokke kultivar.



Figuur 7: Gradering van elke betrokke kultivar.



nader aan die einde van die groeityd, kan waarskynlik gehalteprobleme soos misvorming verklaar.

Minimum- en maksimumtemperature word in *Figuur 3* uiteengesit. Groot fluktuasies is deurgaans in veral maksimumtemperature aangeteken. Temperature onder vriespunt het in 2023 nader aan einde Mei voorgekom en, daarmee saam, natuurlike loofafsterwe.

Hitte-eenhede

Die versameling van hitte-eenhede gedurende 'n groeitydperk is 'n belangrike faktor in die ontwikkeling van 'n plant. Die tendens van hitte-eenhede beskikbaar vir die kultivar-proef van die betrokke seisoen, blyk deurgaans bo die langtermyndata-tendens te wees vir die seisoen as geheel (*Figuur 4*).

Opbrengsdata wat tydens oesdag versamel is, word onderwerp aan statistiese verwerking met behulp van die GenStat®-program. Die Tukey-toets van kleinste betekenisvolle verskille is gebruik om die gemiddelde te skei.

Die kultivareffek gedurende die betrokke proef (*Figuur 5*) was statisties beduidend ($p<0.05$) en die koëffisiënt van variasie was laag (12.2%). Hierdie faktore dui daarop dat die proef goed uitgevoer is en die resultate derhalwe betroubaar is. Die opbrengs van elke kultivar word deur die proefgemiddeld gedeel (die proefgemiddeld van al die kultivars word as 100% geneem). Hierdeur word 'n opbrengsindeks geskep en word elke kultivar se prestasie in terme van opbrengs as 'n persentasie van die proefgemiddeld gelees.

Evaluasie van opbrengs

Die gemiddelde opbrengs van die proef vir die 2023-seisoen is 51.28 t/ha. Dit is baie soortgelyk aan die afgelope vyf seisoene se gemiddelde opbrengs van 50.8 t/ha. Die kultivars Palace, Lilly, Mondial en Allison het statisties die hoogste opbrengste gelewer. Dieselfde kultivars het ook die hoogste bemarkingsindeks behaal – dit kan toegeskryf word aan baie goeie opbrengs in Groot- en Klas 1-knolle (*Figure 5, 6* en *7*).

Tabel 3: Hoofredes vir afgradering.

Kultivar	Sandspleet	Ander splete	Bruinskurf	Silwerskurf/ swartspikkel	Rhizoctonia	Mot	Vergroening	Misvorming	Holhart
11Z49A1		x	x	x		x			
11Z55A5				x		x			
Allison		x		x		x	x		
Amony			x	x		x	x	x	
CMK2015	x			x		x	x	x	x
Connect						x	x	x	
Foxy	x			x	x	x	x		
Kelly					x	x	x		
Lilly		x	xx	x		x			x
Mondial	x	x		x		x		x	
Noha		x			x	x	x	x	
Noya			x	x	x	x	x		x
Palace				x		x	x		
Panamera	x	x	x			x	x	x	
Panamera*	x	x	x			x	x	x	
Prince						x	x	x	
Sababa				xx		x	x		
Sifra		x		x		x		x	
Sound	x					x			
Tyson	x	x	x	x		x			

Tabel 4: Kook- en prosesseringseienskappe van kultivars (uitgevoer deur LNR-Roodeplaat).

Kultivar	Skyfiekleur[1]	DM[2]	SG[3]
11Z49A1	52,4	15,7	1,059
11Z55A5	51,4	16,7	1,064
Allison	52,0	17,8	1,069
Amony	50,7	17,1	1,065
CMK2015	53,3	19,2	1,075
Connect	48,4	17,8	1,069
Foxy	53,4	16,6	1,063
Kelly	55,2	19,7	1,078
Lilly	49,5	15,8	1,059
Mondial	50,3	17,0	1,065
Noha	56,1	17,9	1,069
Noya	52,5	18,2	1,070
Palace	56,0	17,2	1,066
Panamera	53,3	20,8	1,083
Panamera*	60,0	19,8	1,078
Prince	53,9	17,2	1,066
Sababa	46,6	17,1	1,065
Sifra	51,6	17,4	1,067
Sound	51,4	17,8	1,069
Tyson	52,4	15,7	1,059

[1]Skyfiekleur met waarde >50 en sonder defekte is aanvaarbaar vir die droëskyfiebedryf.
*[2]Die persentasie droëmateriaal is 'n berekende waarde: DM% = 24.182 + 211.04 * (SG-1.0988). Die werklike persentasiewaarde sal effens verskil tussen variëteite uit hierdie berekeningswaarde.*
[3]Soortlike gewig van ≥1.075 is aanvaarbaar vir die prosesseringsbedryf.

Besproeiing is toegepas in hierdie kultivarproef.

Groottegroepverspreiding en gradering is onontbeerlike evaluasies wanneer gekyk word na 'n kultivar se bemarkbaarheid. Die hoofredes vir afgradering van elke kultivar (*Tabel 4*) asook interne kwaliteit is alles belangrike faktore en moet dus ook geëvalueer word.

Motskade, silwerskurf en swartspikkel en relatiewe lae soortlike gewig (SG), soos aangeteken in hierdie proef, is probleme wat kan intree wanneer knolle so lank onder die grond lê voor uithaal. Volgens die beskikbare weerdata is meer hitte-eenhede aangeteken oor die wintermaande as die langtermyngemiddeld, wat moontlik bygedra het tot hoër motdruk op die aartappels wat onder die grond lê. Interne defekte in die vorm van holhart is in drie van die kultivars aangeteken.

Die prestasie van kultivars wissel van seisoen tot seisoen. Dit is omdat klimaat van een seisoen na 'n volgende eenvoudig nooit eenders is nie. Derhalwe is dit belangrik om konsekwente kultivarprestasie oor 'n aantal seisoene in ag te neem. Sifra toon tans die minste variasie vir die Bultfontein-area oor die laaste drie asook vyf seisoene (*Figuur 8* en *9*).

Laastens, wanneer gekyk word na die interne gehalte van aartappels, kan kook- en prosesseringseienskappe ook geëvalueer word. Om te voldoen aan prosesseringsvereistes, moet kultivars aan 'n skyfiekleurnorm van >50 en 'n SG van ≥1.075 voldoen. Sewentien uit 20 kultivars het voldoen aan die voorgeskrewe skyfiekleur, maar slegs CMK2015 en Kelly het voldoen aan die voorgeskrewe SG sowel as skyfiekleur (*Tabel 5*).

Figuur 8: Prestasie van kultivars wat vir drie jaar in die proef ingesluit was (uitgedruk as 'n persentasie van die proefgemiddeld).



Figuur 9: Prestasie van kultivars wat vir vyf jaar in die proef ingesluit was (uitgedruk as persentasie van die proefgemiddeld).



Spesiale dank aan die betrokke boerdery en medewerker, sowel as die proefdeelnemers en Wes-Vrystaat Aartappelwerkgroep. Vir navrae, kontak Enrike Verster by enrike@potatoes.co.za, Anjé Erasmus by anje@potatoes.co.za of Laryssa van der Merwe by laryssa@potatoes.co.za.

SQM Solutions for human progress

Ultrasol® K Plus
Potassium nitrate
the preferred K and N source

Ultrasol® K Plus

Nitrate nitrogen (NO_3^-) and potassium (K^+) (38% K) are the two nutrient salts taken up in greatest quantities by the potato crop and most other horticultural crops. Ultrasol® K Plus is packaged NO_3^- and K+. Uptake of K^+ in applying potassium nitrate (KNO_3) is observed to be most efficient compared with other K fertilizers. This is ascribed to the NO_3^- combination. Ultrasol® K Plus is thus the preferred K-source, ensuring sufficiency of K uptake especially by high K-requiring crops such as potato.

Repeated pivot applications of Ultrasol® K Plus from the time of tuberization in potato enables:

- Genetic potential attainment of tuber size and yield
- Tolerance to pest and disease attack
- Tolerance to water and other stresses
